

1 April

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 7
Fokusgedeelte: Deut 7:2b**

Die kruis wat die banvloek ophef

Die banvloek of banoffer het die totale vernietiging van die vreemde volke beteken. In die geskiedenis wou baie dit gebruik as regverdiging vir hulle optrede teen ander. Wanneer Israel Kanaän inneem moes hulle al die volke uitroeи en met die banvloek tref.

God sou hierin meewerk sodat Israel selfs nasies wat groter en magtiger as hulle was sou oorwin (vs 2). God regeer oor alle volke, tale en nasies. Saam met die oorwinning kom die opdrag van die banvloek. Dit is gedoen met mense wat hulle gruwelik teen God vergryp het, maar ook met hulle wat Israel tot sonde sou kon verlei. So wou Hy sy volk rein en heilig hou en hulle afsonder as sy uitverkore volk.

Vandag is Israel nie meer die uitverkore volk nie (Jes 53:1; Rom 10:21). Hulle het God verwerp. Is die uitverkore volk nou 'n ander volk? Nee! (Hos 2:22). Die wat nie kinders genoem is nie, word nou kinders van God (Rom 11:11; Hand 28:28; Matt 21:43). Vandag is die uitverkore volk nie meer Israel of dalk jou volk nie, maar hulle wat uit alle volke en tale en nasies geroep word (Op 7:9).

God se volk kom uit Afrikaners, Engelse, Europeërs – noem maar op. Die opdrag is nie meer vandag om met die banvloek te tref nie, maar: "Gaan dan na al die nasies toe..." (Matt 28:19). Op Golgota het Jesus aan die hout gehang. So het Hy die vloek op Hom geneem (Gal 3:13). Nou is die roepstem: Kom na my toe. Ek sal hom wat na my toe kom nooit uitwerp nie. Ek sal jou vergader in my arms en jou aan my bors druk. So hef die kruis die ban op. Nou is ek ook 'n uitverkorene van God.

Sing: Psalm 87:3-5

Ds LD Aucamp (Cullinan)